# GEMAK

## Sorg pakket

Pfizer voorsien jou van die volgende pasiënt-sorgpakket om jou gedurende jou behandeling te help

# Die volgende items is aan jou gegee in die **PASIËNT-GEMAKSPAKKET:**

- Waterbottel
- Lipbalsem
- Hakbalsem
- Bevogtigende handeroom
- Strooitjies
- Alkoholvrye mondspoelmiddel
- 1 boks met 'n rehidrasie-oplossing (mondelikse elektrolietmengsel)

Pfizer

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# MONDELIKSE REHIDRAAT



Gedurende die behandeling kan jy dalk diarree[2,3]ervaar

## Hier is 'n paar wenke[1]

- Drink baie vloeistof, maar net 'n bietjie op 'n slag
- Vermy vloeistof met maaltye en vir 'n uur ná die tyd
- Eet en drink klein hoeveelhede, maar gereeld
- Vermy kos wat vetterig is, hoog is in vesel en baie speserye bevat
- Staak stoelgang-versagters en vesel-aanvullings (indien gebruik)
- Vermy kaffeïen
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Pfizer

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# LIPBALSEM



Gedurende die behandeling kan jy droë en gebarste lippe[1]ervaar

## Hier is 'n paar wenke om droë en gebarste lippe[1]te verlig

- Gebruik gereeld lipbalsem
- Vermy alkohol en kos wat suur is en baie speserye bevat
- Vermy kos wat te warm of koud is
- Eet sagte kos
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Jy is van lipbalsem voorsien

Pfizer

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# VOETBALSEM



Jou voete kan gedurende behandeling[1]seer word

## Verhoog jou voetsorg[1]

- Smeer genoeg voetbalsem aan
- Was met louwarm water en druk dit droog
- Daar word voorgestel dat jy nie blase oopsny nie omdat dit dalk die probleem kan vererger
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Jy kan jou voete met hakbalsem versorg

Pfizer

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# KALMERENDE HANDEROOM



Uitslag en blase kan dalk gedurende die behandeling op jou hande verskyn[2,3]

## 'n Paar nuttige wenke[1]

- Smeer genoeg bevogtigers aan - veral ná 'n stort en voor jy gaan slaap
- Was met louwarm water en druk dit droog
- Vermy wrywing of drukking op jou hande
- Dra lospassende katoenklere
- Dra sonskerm met 'n SPF van ten minste 30
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Jy kan die bevogtigende handeroom aansmeer

Pfizer

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# BEPLAN
jou bederfies!



Beplan jou bederfies vir wanneer jy beter voel - dit sal jou iets gee om na uit te sien!

## As jy moeg voel gedurende die behandeling[1]

- Vat 'n breek of slaap vir 'n kort rukkie
- Eet goed en drink baie vloeistof
- Gaan stap 'n entjie of doen ligte oefening
- Doen aktiwiteite wat ontspannend is, soos om na musiek te luister of te lees
- Moenie 'n motor bestuur of masjinerie hanteer wanneer jy moeg voel nie
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

# ALKOHOLVRYE MONDSPOELMIDDEL



Jou mond kan dalk seer en/of geïrriteerd word gedurende die behandeling[2,3]

## Hier is 'n paar idees hoe om jou mond om dit te kry[1]

- Vat klein slukkies vloeistof/drinkgoed met 'n strooitjie
- Spoel jou mond uit met 'n alkoholvrye mondspoelmiddel
- Borsel jou tande met 'n sagte tandeborsel nadat jy geëet het en voor jy gaan slaap
- Gebruik tandepasta wat nie peroksied bevat nie of maak 'n mondspoelmiddel van koeksoda wat in warm water opgelos is
- Gebruik 'n sagte tandeborsel of -gaas as jou tandvleis bloei
- **Praat met jou dokter of verpleegster vir meer raad**

Strooitjies en alkoholvrye mondspoelmiddel behoort verligting te verskaf

Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

**VRYWARING:** Hierdie aanbevelings vir die hantering van newe-effekte is gebaseer op die ervaring van Dr. Kollmannsberger, wat die outeur is van die artikel met die titel "Sunitinib therapy for metastatic renal cell carcinoma": aanbevelings vir hanteringsadvies en sulke besluite moet volgens die diskresie van die senior gesondheidsorgwerker wees. Verwys asseblief na jou gesondheidsorgwerker vir meer inligting.

**Verwysings: 1.** Kollmannsberger C, Soulieres D, Wong R, Scalera A, Gaspo R, Bjarnason G. "Sunitinib therapy for metastatic renal cell carcinoma: recommendations for management of side effects. CUAJ 2007; 1(2 Supp;): S41-S54. **2.** SUTENT® Pakket-insetsel, 12 Julie 2021. **3.** INLYTA® Pakket-insetsel, 19 Mei 2020

Pfizer Laboratories (Pty) Ltd. Company Reg. No. 1954/000781/07. Building 2, 1st Floor, Maxwell Office Park, Magwa Crescent, Waterfall City, Midrand, Johannesburg, South Africa. Tel. No: 0860 PFIZER (734937). Copyright © 2023. Pfizer Laboratories (Pty) Ltd. All rights reserved. PP-UNP-ZAF-0298

Breakthroughs that change patients' lives®